

## 4 September

**Skrifgedeelte: Jesaja 8:20 – 9:1**

**Fokusgedeelte: Jesaja 8:20 en 9:1**

### **'n Lig in die donkerte!**

Heidense invloede wil van talle kante ons lig van ons wegvat. Die donkerheid van die bese wêreld dreig om ons te oorweldig.

Ons fokusverse bring ons by 'n gedeelte van die land Palestina uit, naamlik Galilea. Galilea word in vers 23 die land van die heidene genoem. Indien die volk nie by die Here bly nie, sal hulle hierdie dinge waaroor Hy hier skryf, beleef, naamlik honger en ellende, hulle sal opstandig raak teen die koning en teen God, hulle sal duisternis beleef en benoudheid.

Maar daar sal ook weer vir hulle lig wees. Alhoewel hulle in die duisternis wandel (vanweë die heidense invloede en hulle wegbeweeg van God) en alhoewel hulle in 'n land van duisternis wandel (9:1), is daar vir hulle lig.

In Matteus 4:16 word hierdie woorde van die profeet aangehaal, verwysende na Christus. Alhoewel die volk in donkerte geleef het, sal daar in Christus vir hulle lig wees. Alhoewel ons vandag omring word deur die duisternis, ken ons die Lig. Hy wat gekom het in die donker. Hy wat 'n verandering gebring het. Hy wat 'n toekoms kom bewerk het.

Ons kan nie noodwendig die omstandighede rondom ons verander nie, en ons kan nie noodwendig die donker van hierdie wêreld wegvat nie. Ons kan wel weet in die donkerte is daar 'n lig, dié Lig – Christus Jesus. 'n Lig wat getuig van die donkerte wat wegneem is. Maar as ons in hierdie lig nie wil wandel nie, dan is ons sonder toekoms, dan is daar vir ons geen dageraad nie.

Daarom, deur die Heilige Gees, terug tot die wet en die getuienis van die Here! Dan is daar vir ons 'n toekoms. 'n Lig ten spyte van 'n donker wêreld.

*Sing: Psalm 146:8 (1936-beryming)*

*Ds JG Noëth (Naboomspruit)*